

15 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 4:1-7 en Jakobus 1:27

Gods vertrou en barmhartigheid

Hierdie gelowige weduwee kom met haar nood na die profeet van die Here toe. Sy kom daarin na die regte adres. Die Here neem sorg vir die wees en weduwee (Ps 68:6). Tot beskaming van sy volk neem die Here self die versorging vir hierdie weduwee op Hom. In die stilte agter geslote deure het 'n groot wonder plaasgevind. Oral staan daar potte olie rond, genoeg om te verkoop en die skuld van die weduwee te betaal en ook nog oor te hou om self van te lewe. God sorg vir die wat op Hom vertrou. Hy help hierdie vrou met behulp van dit wat sy in die huis het. Soveel kanne as wat die weduwee in haar geloofsvertroue geleen het, soveel olie sou daar wees. Haar vertrou roep Israel op tot bekering om God te vertrou vir hulle versorging, dan sal hulle ook nog oor hê vir die wat in nood is. Geloofsvertroue ontvang én doen: "Egte en suiwer godsdienste voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou lewe skoon te hou van die besmetting van die wêreld." (Jakobus 1:27). Hierdeur word jou verantwoordelikheid as gelowige ook opgeskerp. Dien en vertrou die Here vir jou versorging en jy sal God ook nog mag dien in jou diens van barmhartigheid. Sorg vir ons kinders en bejaardes in ons tehuise!

Sing: Psalm 146:5 Ds DJ Bakker (Boksburg)